

# Knapsak

In vennootskap met die FAK

## UITGAWE 44



### Uit die stoel van die President

"Ons beleef opwindende tye in ons Beweging…"

**In hierdie uitgawe:**

- Boodskap van die President
- Skrywe van die Sekretaris
- Bybelvasvra 2022
- Korpsaktiwiteite
- Leer ken jou Raadslede
- Allerlei….

***BYBELVASVRA 2022***

Die uitdunrondtes van ons trots en nasionale vlagskip projek, die Bybelvasvra vir Laerskoolleerlinge, is afgehandel.

Die top 10 spanne wat deurdring na die finaal, in alfabetiese volgorde, is;

| | |
|---|---|
| Constantiapark | Pretoria |
| Elarduspark | Pretoria |
| Henopspark | Pretoria |
| Mooirivier | Potchefstroom |
| Northmead | Benoni |
| Pietrsburg-Oos | Pietersburg |
| Randhart | Alberton |
| Rustenburg | Rustenburg |
| Stephanus Roos | Pretoria |
| Wierdapark | Pretoria |

Die finaal word die naweek van 21, 22 en 23 Oktober 2022 by Klein Kariba aangebied.

Die RRB wens die top-10 spanne sterkte toe met hul finale voorbereiding, en sien baie daarna uit om ons belangrike eregaste die naweek te onthaal.
Ons opregte dank aan al die spanne wat ingeskryf het. Dit word opreg waardeer.

***KORPS-AKTIWITEITE***

Die Danie Theron-korps in Kimberley stel werklik deurlopend 'n skitterend voorbeeld vir 'n ieder en elk.

Nie net leef hulle die besprekingspunte uit wat vanjaar tydens ons RRB-landsberaad se tema as van kardinale belang vir die RRB beskou is nie, maar slaag hulle ook uitstekend daarin om in samewerking met Afriforum, Die Voortrekkers en Landsdiens, alle geskiedkundige en erfenisbewaringsterreine, en monumente in stand te hou, gereeld skoon te maak en te versorg.

Welgedaan Danie Theron. Ons is trots op julle!




***STRUWIG-EKORESERVAAT***

Die verkooptransaksie van die Struwig-ekoreservaat is in geheel afgehandel. Alle uitbetalings is ook gedoen.
Die RRB het, soos die ander instansies, nadat die verdeling gedoen is en alle partye gelukkig en tevrede was, die mooi bedrag van R4 580 000 ontvang wat as volg aangewend is;

1. R 4 000 000.00 is vir 'n vaste termyn belê.
2. R 580 000.00 is in 'n dagroep-rekening belê.

'n Verdere R 200 000.00 wat uit die bedryfsrekeninge van Struwig kom, is ook aan ons oorbetaal.

Die RRB-raad het dit goedgevind om R110 000.00 van die R200 000.00 aan die Bybelvasvra-projek te skenk. Die oorblywende R90 000.00 is in die RRB se tjekrekening inbetaal.

Die Struwig-uitbetaling is werklik 'n broodnodige inspuiting vir die RRB. Dit is geld wat ons baie beslis kan aanwend tot groot voordeel van die RRB.

Alle eer aan Ruurd van der Wal vir die professionele manier waarop hy die Struwig-transaksie hanteer het. Alle partye wat by die transaksie betrokke was, was vol lof vir hom en sal hom altyd daarvoor onthou.


Nadat ons 'n baie insiggewende en uiters leervolle gesprek met dr. Danie Langner van die FAK gevoer het, het ek en Cilliers tydens 'n RRB-raadvergadering die voorstelle en gedagterigting van dr. Langner, met die RRB-raad bespreek.

***DIE PAD VORENTOE VIR DIE RRB***

Tydens gesprekke wat ek die afgelope jaar of wat met dr. Langer gehad het, het ek besef dat die tyd ryp is om 'n dieptegesprek met hom oor die vennootskap tussen die RRB en die FAK te voer. Gevolglik het ek en ons Visie-President, Ciliers de Kock, op Maandag 19 September 2022 die voorreg gehad om 'n ete-afspraak met dr Langner na te kom.

Die FAK byvoorbeeld, het ook soos ander kultuurorganisasies sedert 1994, baie lede verloor. Hulle het egter skitterend daarin geslaag om die tendens daadwerklik om te draai, en ander organisasies het ook hierdie suksesvolle roete gevolg.

## Interessante feite oor die Voortrekker-monument



- Die eerste gedagte om ‘n monument te bou ter ere van God en die Voortrekkers, het in 1888 reeds op vrugbare grond geval.
- Die Monument is 62 meter hoog en is van graniet gebou.
- Daar is 299 trappe wat na die hoofingang van die Monument lei.
- ‘n Laermuur van 64 waens (Net soos by Bloedrivier) en 2.7 meter hoog, omring die Monument.
- Die reuse standbeeld van ‘n vrou en kinders by die ingang, is deur die beeldhouer Anton van Wouw gemaak, en is die eerste openbare standbeeld in die geskiedenis van Suid-Afrika wat in brons gegiet is.
- Die beeld is meer as 4 meter hoog en weeg 2.5 ton.
- Die sentrale fokuspunt van die Monument is die senotaaf. Die woord *senotaaf* beteken “Graf sonder beendere” – ‘n simboliese rusplek van Piet Retief en ander Voortrekkers.
- Die Heldesaal bevat 27 graniet panele wat die verhaal van die Groot trek vertel. Hierdie panele is van Italiaanse graniet gemaak en is die wêreld se langste aaneenlopende graniet tentoonstelling.

**Die RRB-raad het eenparig op 'n aanlyn-Raadsvergadering, 26 September besluit dat die pad vorentoe vir die RRB soos volg daaruit sal sien;**

***1. BEMARKER***

- 'n Voltydse bemarker word vanaf Januarie 2023 aangestel.
- Hy sal by Akademia gewerf word, en is tans in sy finale jaar Kommunikasiekunde.
- Dr Langner bied aan om vir hom 'n skryftafel en selfoon beskikbaar te stel.
- Hy sal vanaf die Voortrekkermonument (VTM) sy werk verrig, en ook saamwerk en bemark by alle aksies van die VTM.
- Aanvanklik sal hy nie net bemark nie, maar ook die Knapsak hanteer.
- Die gedagte is dat hy met die verloop van tyd ook die sekretaris-/penningmeesterwerk vanaf die VTM sal hanteer.
- Hy sal aanvanklik vergoed word teen R15 000,00 per maand.

Die VTM is beslis besig om vir Afrikaanse kultuurorganisasies in alle opsigte 'n tuiste te word.
Die Dameskring en Maroela Media het ook onlangs daar kantore geopen.

***2. VRIJHEIDSREISUITSTALLING***

Die RRB het die afgelope dekade of wat jaarliks 'n skamele bedrag van R 3 000,00 aan die Bloedrivier-monument, en R 5 000,00 aan die Erfenisstigting geskenk.
Die Voortrekkermonument het ook jaarliks geen vaste bedrag van die RRB ontvang nie.
Ons het wel twee jaar gelede 'n enkele bedrag van R10 000,00 aan hulle oorbetaal om hulle met die finansiële krisis wat ontstaan het te help. Die inperkingsregulasies weens die Covid-19-pandemie het veroorsaak dat geen besoekers gedurende daardie tyd by die VTM toegelaat is nie.
Die RRB-raad het dit goedgevind om sy jaarlikse skenking aan Bloedrivier, die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument tot R 40 000,00 te verhoog. Laasgenoemde bedrag word verdien uit die rente-opbrengs van die vaste belegging.
Dr. Danie Langner was veheug oor die goeie nuus. Hy het egter met die volgende skitterende voorstel vorendag gekom:
Hy skenk aan ons 'n vertoonkas in die *Vrijheidsreis* wat onlangs in die VTM geopen is.
Die gedagte is om die roetes wat die perdekommando's met die inwyding van die Voortrekkermonument gevolg het, daar ten toon te stel. Dit is immers die perdekommando's wat aanleiding gegee het tot die stigting van die RRB.
In die vertoonkas kan ook verskeie RRB-artikels geplaas word.

Ander bemarking- en blootstellingsgeleenthede is ook vir ons aangebied, wat ons beslis van sal gebruik maak.  Meer daaroor later.

***3. RAPPORTRYERSAAL***

Dr. Danie Langner het nog verder gegaan, hy het ook vir ons grond op die VTM-terrein aangebied waar ons 'n Rapportryersaal kan oprig, asook perdesale en tome wat ons in die Rapportryersaal kan uitstal.
Daar word tans gekyk na 'n geskikte terrein vir die oprigting van die saal.

Met die verloop van die tyd sal beplanning en vordering met al hierdie inisiatiewe aan u meegedeel word. Uit die aard van die saak wag hier geweldig baie werk op ons. Nie net met die bou van die saal nie, maar ook met skenkings en werwing van boumateriaal en fondse vir die Rapportryersaal.
Die hand van vriendskap wat dr. Langner na ons uitgereik het, is werklik iets wat ons in byna ongeloof, maar ook uit diepe erkentlikheid en dankbaarheid van 'n ware en besondere groot Christen en Afrikaner ontvang en ervaar.

***DANKIE DANIE, DIE RBB SALUEER JOU.***

***RRB-VRIENDE, EK GLO ONS IS ALMAL AANGENAAM VERRAS EN BAIE DANKBAAR VIR DIT WAT VIR DIE RRB AANGEBIED IS.***
***ONS DANKBAARHEID STREK OOK TOT ONS HEMELSE VADER NA WIE ONS AS 'n CHRISTELIKE AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE NOG ALTYD OPGESIEN HET, EN IN WIE ONS VERTROUE NOG ALTYD GESETEL IS.***
***KOM ONS WEES OPGEWONDE OOR DIE NUWE VERWIKKELINGE, EN BID VAN ONS HEMELSE VADER VIR WYSHEID EN LEIDING MET ALLES WAT OP ONS WAG, EN WAT ONS BEPLAN.***

My wens is dat elke RRB-lid daarna sal streef om die RRB werklik te geniet, en om van ons Beweging 'n ***lekkerrrrr*** en mooi organisasie te maak waaroor almal opgewonde sal raak.

Johan Roos
President



## Uit die pen van die Sekretaris

"….môre is belangrik maar vandag meer!!!!"

Die aartappelbos se reuk herinner my aan die soet van die lewe. Wanneer jy hom juis ruik is tydens wintermaande in die bosveld, soos jy deur 'n laagwaterdriffie gaan dan slaan daardie soet geur in die voertuig op….

So ook die lewe… dis wanneer jy daai laagte in jou winter slaan, dis wanneer die soet geur van hoop en die wete dat die Here se genade genoeg is om jou te dra…

Drie dinge:

1. Daar is ledegeld nog uitstaande!!! ASB!
2. Ledewerwing bly ons prioriteit!!!
3. Kyk na jou kultuurgenote in jou omgewing vir samewerking….

Soos julle uit die President se skrywe agterkom… die Beweging wil begin 'beweeg' en ons gaan werk om momentum te bewerkstellig…

Mooi loop.



Foto geneem *by* myself in die *Willetuin met* die September-vakansie…

**Afrikaans – Theo de Jager**

Al sou die jonges vol wellus en drif
tussen die flitse teen jou dans
en jy dronk van die dromme en draaie
en die polsslag van 'n neonnag
oor ons skouers huis toe gesleep word,

al sou die oudstes wat lyfseer en moeg
wil afpak langs 'n skemervuur
voel jy raak te swaar
om op die langpad na môre saam te dra,

en al word jy in die modeseisoen
van "gee-en-neem-ooreenkomste"
na die uitverkopingsrak toe afgemerk

sal jou spoor deur die woorde wat ons sê
soos 'n ploegvoor* oor die Suidland lê.

[**Uit: *Woordgilde*, 1998**]

## Bybelvasvra 2022








Die Bybelvasvra is in volle swang met die finaal wat eersdaags by Klein Kariba gaan plaasvind! Op die foto's bo is skole Huttenpark, Elarduspark en Dundee Primêr. Hieronder is laerskole Hennopspark, Northmead en Proteapark. Die gees was hoog en die wedywering gesond!!!











Ons President Johan Roos het saam met sy seun WL Roos die Laerskool Stephanus Roos tydens hul Bybelvasvra besoek … Roos, 'n toevalligheid???

# Korpsaktiwiteite

Bethlehem:







Die Erfenisfees wat deur die Bethlehem-korps gereël word, is 'n jaarlikse instelling, en was 'n reuse sukses. Hierbo staan Leon Badenhorst en Danie Eichstadt en beraadslaag op wat volgende moet gebeur nadat die wa-laer getrek is. Regs wys Lucas van der Merwe sy slag as grofsmit. Daar was vele aktiwiteite en uitstallings; kloskantwerk, room afskei, leerwerk, genealogie, geskiedkundige vlae, potbrode, waentjieritte en vele meer. Die plaaslike radiostasie, Maluti FM, was van groot waarde om die fees te adverteer!









Jakaranda:



Visie-President Cilliers de Kock en President Johan Roos saam met Jaco de Klerk bedryf die biertuin by Sakeliga se Kragdag!!!














Jakaranda se vlagskipprojek…..goed ondersteun, uitstekende reëlings, fantastiese gees!!! Die sanger Willian Blackrose het vir goeie atmosfeer gesorg, terwyl Heinrich du Preez vir al die aksie as seremoniemeester gesorg het. Hulle is hier regs bo te sien saam met Cilliers de Kock (visie-president) en Andre Botha (organiseerder). Boekenhout-korps van Rustenburg het Jakaranda ondersteun en bo kan David Fensham (raadslid) gesien word saam met die President en die voorsitter van Jakaranda-korps, Stefan Kruger.

Caledon:










**CANOLARUN AGTERGROND 2022**

Die Canola-run was 'n inisiatief van Canz Kleyn, 'n plaaslike boer en chemie-bemarker in 2006. Toegewyde lede van die Caledon Rapportryers het toe die geleentheid oorgeneem om fondse in te samel. Hierdie fondse word dan weer vir behoeftige en/of verdienstelike gevalle geskenk met ons taal, waardes en die gemeenskap wat leiding verskaf in dié verband.

Dit is vir die 14de keer hierdie jaar aangebied. Overberg Agri is die hoofborg van die dag sonder wie hierdie byeenkoms nie moontlik sou wees nie.

Die aanvanklike "run" het slegs sewe deelnemers gehad. Vandaar het dit gegroei tot vanjaar se 320 deelnemers. Die roete word gedeel in drie rondtes wat só bestuur word dat ons rondom 14:00 middagete en iets kouds daarmee saam kan geniet.

In 2019 is addisionele rooi roetes ingebring wat die manne met die veldfietse kan geniet. Dit draai af van die betrokke roete, en sluit dan weer op 'n ander punt aan.

Hierdie jaar was weereens 'n reuse sukses en 'n grootske korpspoging!!







Daar word gebraai en lekker boeremusiek gemaak vir die oues van dae.....

Kimberley (Danie Theron):

Die President noem en wens in sy skrywe - Danie Theron-korps - spesifiek geluk oor die samewerking tussen Afriforum, Die Voortrekkers, Landsdiens en die RRB met die skoonmaak van die Burgermonument.









Daar is geskoffel en gesweet, maar die belangrikste was die samehorigheid en kameradie wat so nodig is in ons kultuuromgewing!

Regs verken die korps die Graspan-monument met 'n heerlike geskiedkundige uitstappie!!



## Newcastle:





Guilaume van Rensburg, Johan Scheepers, Henti van Staden, Fanus Berg (voorsitter), Casper Franken en PC de Heer by Drakensville tydens hul Ouboet-projek.

















Daar is ook gebraai vir die oues van dae, gesing en stories gedeel en 'n uiters suksesvolle gholfdag is onlangs gehou met twee skape op die spit vir groot lekkerte!!

# Leer ken jou Raadslede: DAVID FENSHAM



David hou nie daarvan om oor homself te praat nie, en het dit nogal moeilik gevind om vir my 'n bietjie van homself en sy gesin te vertel!

Maar só gesels hy:

"My naam is David Fensham en ek is die provinsiale voorsitter in Noordwes vir die afgelope ses jaar. Ek is in Ermelo gebore, maar het die grootste gedeelte van my lewe in Rustenburg deurgebring nadat my onderwyser-ouers in die vroeë 80's daarheen getrek het. Ek het hier in Rustenburg skool gegaan (Laerskool Proteapark en toe in Bergsig Hoërskool). Ek was in daardie vroeë stadium van my lewe die voorbeeldigheid self, en was hoofseun van beide skole.

Na skool het ek by die destydse RAU gaan studeer waar ek my B.Optom-graad verwerf het. Ek praktiseer die afgelope 20 jaar in die privaatsektor, en het twee praktyke op die dorp.

So bietjie meer as 'n dekade gelede het ek eendag 'n mooi meisie raakgesien en daarin geslaag om haar my vrou te maak. Liese en ek het intussen drie pragtige kinders ryker geword: 'n dogter Reine en tweelingseuns David en Richter. Liese het twee swemskole. Ons is tans besig om ons eie perseel te ontwikkel wat 'n verbetering op die bestaande persele wat sy huur, sal wees.

Ek was voorheen baie aktief, en het so 'n paar "Ironman"-kompetisies, asook twee Comrades-wedlope voltooi. Nadese hardloop ek net agter ons kinders aan, en nou en dan agter 'n gholfbal soos die geleentheid hom voordoen. My stokperdjies sluit in houtwerk, fietsry (wanneer daar tyd daarvoor is) en om enige iets onder die son te smous. Die lewe sonder 'n pantjieswinkel in die omtrek sou maar vervelig gewees het….

Vir my is die RRB 'n tuiste weg van my familie en my werk. My taal is vir my baie belangrik, en so ook my Christenskap. Daar is min plekke buite die kerk waar ek kans kry om dit uit te leef, maar in die RRB kan ek saam met eendersdenkendes bietjie ontspan en terugploeg in die gemeenskap. Sonder die gemeenskap is almal van ons eintlik niks en verlore, nie waar nie?

Ek is baie opgewonde oor dit wat vir ons in die RRB voorlê, en maak staat op diegene wat my passie deel om daardie ekstra myl te loop om die voortbestaan van ons taal en tradisies te verseker."



Allerlei……

*Die Gelofte fees te Bloedrivier lyk soos volg*










PERSONE SONDER KENNIS VAN HUL VERLEDE, OORSPRONG EN TRADISIES IS SOOS 'N BOOM SONDER WORTELS.